ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

**Gemeentebrief Oktober 2021**

Diep in die Amasone-woude woon daar ŉ stam met ŉ uitsonderlike vermoë om as gemeenskap saam te staan. Hierdie stam het deur die jare verskillende rituele aangeleer wat uitdrukking gee aan hulle identiteit en hulle interafhanklikheid van mekaar. Een so ŉ ritueel het met vuur te make.

Gesinne in die stam woon net soos ons in hulle eie huis (hut). In die middel van hulle dorp is daar ŉ gemeenskaplike plek van aanbidding en in dié tempel is daar ŉ vuur wat dag en nag, 365 dae ŉ jaar brand. In elke huis word daar ook ŉ vuur aan die brand gehou om hitte te verskaf en kos mee voor te berei. Indien ŉ gesin se vuur om een of ander rede sou doodgaan is die gebruik dat die gesin dit weer aansteek deur kole by hulle bure te gaan vra.

Elke sewende jaar op ŉ spesifieke tyd is die gebruik egter dat elke huis hulle vuur ophou stook sodat dit smeul en doodgaan. Vir ŉ gegewe tyd word die huis en sy bewoners dan in koue en donkerte gehul. Daarna stap gesinne saam na die tempel, gaan haal vir hulle ŉ vlam by die altaar en neem dit huis toe om hul vuur weer te laat brand. Hierdie ritueel herinner elke lid van die stam hoe belangrik die elemente van vuur en lig is en hoe alle lede verbind is aan mekaar.

Vuur en lig het natuurlik ook ŉ sterk simboliese betekenis in die Bybel en in die lewens van gelowiges. Verskeie tekste bevestig dit. Die profeet Jesaja het eeue gelede al gesê: “Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn” (hoofstuk 9). Hy het natuurlik verwys na Jesus, die Lig vir die wêreld en die Een wat (soos Johannes sê) nie deur die duisternis uitgedoof kan word nie. Hierdie Lig is vandag steeds met ons in die vorm van die Heilige Gees, wat ook geassosieer word met vuur.

ŉ Mens sou die afgelope maande tereg kon beskryf as ŉ baie donker tyd in die geskiedenis van die mensdom. Daar was ongekende swaarkry en lyding en ons is oorweldig deur verliese op verskillende vlakke – van werksgeleenthede, van toekomsdrome en ook van geliefdes. Baie mense se lig het verflou en die spreekwoordelike vuur in hulle is selfs geblus deur onbeheerbare omstandighede. En tog, in hierdie donker tyd het ons ook die spatsels lig gesien van mense wat hande vat, saamstaan, mekaar ophelp en dra. Die lig wat ons in hierdie tyd kon laat aanhou skyn is ŉ bewys van Sy Lig wat steeds helder brand in ons. Sterrekundiges sê dat lig teen ŉ verbysterende spoed van ongeveer 300 000 km deur die heelal trek. Wat nog meer ongelooflik is, is dat die ligstrale wat ons tans sien honderde jare gelede al vertrek het om die aarde nou te bereik. Hierdie strale kan nie gekeer word nie. Dit verlig die heelal en op die ou end ook ons lewens.

Met die lig van Jesus die Groot Kragbron binne ons en die passie van die Heilige Gees wat soos ŉ vuur in ons brand moet ons soos die stam in die Amasone ook ons lig aanhou

deel daar waar mense emosioneel en geestelik in donkerte gehul is. Soos die Israeliete deur die woestyn kon trek omdat God in die vorm van ’n vuurkolom die rigting aangedui het, kan ons as gesinne en gemeente weet dat Sy vuur in ons steeds helder brand en ons lei deur onseker tye. Mag ons daarom veral met die aanbreek van die laaste kwartaal wanneer baie mense fisiek gedaan is aanhou om uit te reik en Sy liefdesgloed te gelei.

**Neil du Plessis**